

# Jou geskenk

Die voorbeeld van Jesus

# Genesis 41:15-16

Die farao het vir Josef gesê: “Ek het 'n droom gehad, maar daar is niemand wat dit kan uitlê nie. Toe het ek van jou gehoor: jy lê 'n droom uit as jy hom hoor.”

Josef het vir die farao gesê: “Nie ek nie! God gee dié goeie antwoord vir u.”

# Josef

God spreek die waarheid deur Sy profete , en dan maak Hy dit waar deur deur omstandighede wat Hy skep.

God bly nie aksieloos in die proses van waarmaking van Sy Wil nie.

God doen iets om Sy Wil te bewaarheid.

God sê vir Josef presies wat hy moet doen.

Dit is God se Woord van Kennis

# Mattheus 2:21-23

En hy het opgestaan, die Kindjie en sy moeder geneem en in die land van Israel gekom.

Maar toe hy hoor dat Archeláüs oor Judéa koning was in die plek van sy vader Herodes, was hy bevrees om daarheen te gaan. En hy het ‘n goddelike waarskuwing in ‘n droom ontvang en na die streke van Galiléa teruggekeer.

En hy het gaan woon in ‘n stad met die naam van Násaret, sodat vervul sou word wat deur die profete gespreek is, dat Hy Nasaréner genoem sou word.

# Josef

God spreek die waarheid deur Sy profete , en dan maak Hy dit waar deur deur omstandighede wat Hy skep.

God bly nie aksieloos in die proses van waarmaking van Sy Wil nie.

God doen iets om Sy Wil te bewaarheid.

God sê vir Josef presies wat hy moet doen.

Dit is God se Woord van Kennis

# Die Behoefte Na God

Maar die Mens het van die begin af al probeer om sy eie planne te maak.

Die mens het besef hy het die genade van God nodig, en begin om alles in sy vermoë te doen om dit te verwerf.

# Die Mens se Geskenk

Genesis 4:3-5

Na verloop van tyd het Kain van die opbrengs van die land 'n offer aan die Here gebring.

Abel het dit ook gedoen, van die eerstelinge uit sy kudde, van hulle vet.

Die Here het vir Abel en sy offer aangeneem,

maar nie vir Kain en sy offer nie.

# God se Geskenk

Daarteenoor lees ons in Eksodus 31 met die bou van die tabernakel en die maak van die priestersklere dat daar spesiale take is waar mensevaardigheid nie genoeg is om 'n taak op die standard en presies volgens die Wil van God uitgevoer kan word nie.

Net die mense wat vervul is met die Gees van God kon hierdie take verrrig.

# God se geskenk

Eksodus 31:3  Ek het hom vervul met die Gees van God, met wysheid en verstand en kennis en bekwaamheid vir allerhande werk.

Eksodus 31:6 Aan elke vakman het Ek vaardigheid gegee sodat hulle alles kan maak wat Ek jou beveel het.

# Die Skeidslyn

Sien u die verskil?

God het die arbeider vervul met God se Gees.

God het hom vervul om iets te doen.

God het hom vervul met bekwaamheid, verstand, kennis, wysheid.

Dit was 'n geskenk van God

# Die Pad Van Jesus

God bewerk die pad van Jesus

Matt 3:3 "Iemand roep in die woestyn: Maak die pad vir die Here gereed, maak die paaie vir Hom reguit."

Die woord wat die profete gespreek het, het die pad vir Jesus voorberei.

# Die Pad Van Jesus

Die pad vir Jesus word gelyk gemaak.

Dit is nie sommer enigiemand wat deur Johannes gedoop word nie, soos ons sien in Matt 3:7-8.

Maar toe hy baie van die Fariseërs en Sadduseërs na sy doop sien kom, sê hy vir hulle: Addergeslag, wie het julle aangewys om te vlug vir die toorn wat aan kom is?

Dra dan vrugte wat by die bekering pas.

# Die Pad Van Jesus

So het Jesus ook dan voortgegaan om gehoorsaam te wees aan die Woorde van sy Vader, sodat dit bewerk is dat die profesieë waar sou word.

Selfs met die teenkanting van Johannes dring Jesus daarop aan om gedoop te word.

Mat 3:15  Maar Jesus het geantwoord en vir hom gesê: Laat dit nou toe, want só pas dit ons om alle geregtigheid te vervul. Daarna het hy Hom toegelaat.

# Die Pad Van Jesus

Mat 3:16 -17 En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos ‘n duif neerdaal en op Hom kom.

En daar kom ‘n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek ‘n welbehae het

# Die Pad Van Jesus



Mat 3:16 -17 En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom.

En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het

# Jou Pad Met Die Gees



**Soos belowe stuur Jesus stuur die Heilige Gees vir ons.**

**Hy doop ons soos Hy belowe het met die Heilige Gees en met vuur.**

# Jou Pad Uit Die Wêreld

**Joh 16:8-11**

**En wanneer Hy kom, sal Hy bewys dat die wêreld skuldig is aan sonde, en dat die reg aan my kant is, en dat die oordeel al gekom het. 9Die wêreld is skuldig aan sonde, want die wêreld glo nie in My nie; die reg is aan my kant, want Ek gaan na die Vader toe, en julle sal My nie meer sien nie; die oordeel het al gekom, want die owerste van hierdie wêreld is klaar veroordeel.**

# Jou Pad In Die Waarheid



**Joh 16:12-15**

**“Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle sal dit nie nou kan begryp nie. Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig. Alles wat aan die Vader behoort, behoort ook aan” My; daarom dat Ek gesê het: Wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig.”**

# Jou Pad In Jou Gedagtes

Rom 8:5-7 Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge.

Want wat die vlees bedink, is die dood,

maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.

# Jou Pad In Jesus Se Gedagtes

Rom 8:8-10

En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie; julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon.

Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie.

Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde,

maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid.

# Jou Pad In Jesus Se Gedagtes

**Rom 8:11-15**

**En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.**

**Daarom dan, broeders, is ons skuldenaars, nie aan die vlees om na die vlees te lewe nie; want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe.**

**Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God. Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!**

# Jou Pad In Jesus Se Gedagtes



**Rom 8:16**

**Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is**

# Jesus Se Pad Na Jou



**Joh 16:15 Alles wat die Vader het, is myne; daarom het Ek gesê dat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig.**

# Jesus Se Geskenke Vir Jou

**Die Woord van Wysheid:**

- Dis Goddelike wysheid – bonatuurlik 'n openbaring ten opsigte van 'n persoon of aangeleentheid
- Dit gee aan ons kennis van die ware feite.
- Dit gee aan ons leiding oor wat ons moet sê of doen
- Dit gee aan ons oplossings vir probleme.
- Dit werk nou saam met ander gawes soos openbaring en kennis en onderskeiding.
- Dit moet met omsigtigheid gebruik word omdat dit direk deur die Gees gedeel word – Daar sal gewoonlik 'n instruksie van die Gees wees om aan te dui hoe hierdie Woord van Wysheid gebruik moet word.

# Jesus Se Geskenke Vir Jou

**Die Woord van Kennis:**

- Die vermoë om spesifieke en gedetailleerde inligting van ‘n persoon of situasie op ‘n bonatuurlike wyse te bekom.
- Dit sal hoofsaaklik feite wees wat nie normaalweg bekend sal wees nie.
- Baiemaal sal dit ’n geheim wees wat die persoon of omstandigheid van algemene kennis weerhou.
- Dit kan ook nou aansluit by van die ander gawes soos onderskeiding of gesondmaking.
- Dit gaan gewoonlik gepaard met profesie oor wat die Wil van God vir die persoon of situasie is.

# Jesus Se Geskenke Vir Jou

**Die Gawe van Geloof:**

- Dit is meer as die geloof wat nodig is om gered te word.
- Dit is die vertroue dat God 'n beloner is van die wat Hom soek.
- Heb 11:6 As mens nie glo nie, is dit onmoontlik om God se Wil te doen.
- Dis wanneer iets vir jou onmoontlik lyk, maar jy voer in vertroue die opdrag uit.
- Jy kan ook bid om hierdie gawe te ontvang wanneer die omstandighede jou verstrik.
- Die funksie van geloof is die oorprong van al die genadegawes wat die gelowige ontvang – sonder geloof kan geeneen van die ander gawes funksioneer nie.

# Jesus Se Geskenke Vir Jou

**Die Gawe Van Gesondmaking:**

- Die gawe van gesondmaking werk onafhanklik van die genade wat ons ontvang deur gewone mediese versorging.
- Die gawe van gesondmaking gebeur wanneer die Heilige Gees iemand bonatuurlik van 'n siekte of toestand genees.
- Gawes is nie te koop nie – Simon die towenaar het probeer om dit te koop en is bestraf daarvoor.

# Jesus Se Geskenke Vir Jou

**Die Gawe Van Gesondmaking:**

- Die gawe van gesondmaking werk onafhanklik van die genade wat ons ontvang deur gewone mediese versorging.
- Die gawe van gesondmaking gebeur wanneer die Heilige Gees iemand bonatuurlik van 'n siekte of toestand genees.
- Gawes is nie te koop nie – Simon die towenaar het probeer om dit te koop en is bestraf daarvoor.

# Jesus Se Geskenke Vir Jou

**Die Gawe  van Profesie:**

- Profesie is die bonatuurlike uitering van woorde in ‘n verstaanbare taal
- Profesie het ‘n belangrike plek om die Wil van God te verkondig.
- Profesie sal direk gespreek word tot mense en gemeentes of groepe, en as ‘n teken dien vir volharding in geloof.
- Baie valse boodskappe word verprei as gevolg van menslike motiewe wanneer hierdie gawe misbruik word.
- Ware Profesie sal nooit anders as die geskrewe Woord wees nie.

# Jesus Se Geskenke Vir Jou

**Die Gawe  van Onderskeiding:**

- Die gawe behels dat die ontvanger daarvan kan onderskei met watter tipe gees gehandel word.
- Dit onderskei nie mense nie, dit onderskei geeste.
- Dit wys duidelik tussen die onderskeiding van die Heilige Gees en Bose Geeste.
- Dit kan ook die tipe bose gees onderskei, en sy naam of werking identifiseer.
- Dit werk saam met die gawes van woorde en het somtyds gesondmaking of werking van kragte tot gevolg.
- Dis belangrik om hierdie gawe te gebruik om beskerming teen misleiding te verseker soos Jesus ons gewaarsku het.

# Jesus Se Geskenke Vir Jou

**Die Gawe  van Tale:**

- Dit is bonatuurlike uitsprake in onverstaanbare of onbekende tale.
- Die persoon se stembande is betrokke by die spreking, maar sy verstand is nie deel  van die uitspreek nie.
- Dit kan aardse of hemelse tale wees.
- Die doel van die gawe is tot stigting van die spreker en die hoorder, daarom sal die spreek in vreemde tale gewoonlik vir die spreker self tot stigting wees.
- Ons moet bid vir die gawe van uitleg van tale sodat die spreek in vreemde tale ook vir die hele Gemeente tot stigting kan wees.
- Ons lofprysing en sang kan ook in tale gebeur en dit is besonder kragtig in die geestesrealm. (1 Kor 14:15)

# Jesus Se Geskenke Vir Jou

**Die Gawe  van Uitleg van Tale:**

- Dit is die bonatuurlike verstaan van die sprekinge van die persoon wat besig is om in tale te spreek.
- Dit is afhanklik van die gawe van spreek in tale.
- Die uitleg van die sprekinge is ‘n interpretasie van wat die spreker spreek, en kan dus verskil in lengte.
- Dit uitleg is nie ‘n woordelikse vertaling nie, tenst die Gees natuurlik opdrag daartoe gee.
- Die emosionele gevoel van die spreker en die persoon wat uitlê sal grootliks ooreenstem (onderskeiding).
- Daar kan verskeie persone in tale spreek tydens samekomste, terwyl daar partykeer net een persoon is wat dit uilê.
- Indien daar nie ’n uitleêr in die gemeente is nie, is dit vir orde en stigting verkieslik dat daar nie in tale gespreek word nie.
- Die spreek van tale en uitleg daarvan sal die gemeente stig.

# Jesus Se Geskenke Vir Jou

**Die Ander Gawes:**

- Onderrig - Doelgerig
- Dien – Met ywer (Rom 12:7; 1 Pet4:11)
- Bemoediging – Met deernis
- Gee – Sonder bybedoelings
- Leiding – met toewyding
- Hulp – Met blymoedigheid
- Apostels (Ef 4:11)
- Leraars (Ef 4:11)
- Evangeliste (Ef 4:11)
- Herders (Ef 4:11)
- Prediking (1 Pet 4:11)

# Jou Wandel



**Gal 5:22-25**

Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

Teen sulke dinge is die wet nie. Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig.

As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel.